



Vak: Graad 10 Afrikaans: EAT
Onderwerp: Afrikaans EAT: Kwartaal 2 - Eksamen 1
Totaal: 136 Punte

Naam: _____

Datum: _____

Hierdie teks verwys na die volgende vrae: 1, 2, 3, 4, 5, 6, 7, 8, 9, 10, 11, 12, 13, 14, 15, 16, 17, 18, 19, 20, 21, 22, 23, 24, 25, 26, 27, 28, 29, 30

Afstandsonderrig

1. Was daar iets soos afstandsonderrig voor die pandemie? Wie het ooit gedink dat soveel kinders van die huis af sal leer? Beslis nie hul ouers nie - wat nou die uitdagende taak het om seker te maak hul kinders bly in hul sitplekke, gee aandag aan hul onderwysers en voltooi hul werk.
2. Met ouers en kinders wat tydens die pandemie van die huis af werk, moet 'n ouer gelyktydig drie take uitvoer - dié van ouer, onderwyser en werknemer of werkgewer.
3. Meer as een ouer het in hierdie pandemie-dae al hardop gewonder: "Van wanneer af het skool so moeilik geword?" en "Hoekom is daar meer as een manier van optel?"
4. Wat doen jy as jou kind by die tafel opdaag, gereed vir die dag se werk, maar aangetrek asof dit "fotodag" by die skool is? Lag jy oor die slimigheid, of skakel jy bekommerd jou ma of beste vriendin omdat jy dink jou kind stort in een?
5. Vir die meeste ouers was tuisskoling totaal onverwags, veral vir soveel maande. Party troos hulle daaraan deur die goeie ou dae te onthou - toe hulle hul bes probeer het om hul kinders betyds by die skool te kry; toe hulle bekommerd was oor wat om in te pak vir pousekos; hoe hulle huis toe gejaag het om die kinders betyds by die skool op te tel. Dit is verstommend wat jy mis as dit nie meer daar is nie.
6. Afstandsonderrig neem baie langer as wat enige ouer ooit gedink het. 'n Taak wat veronderstel is om 1 uur te neem, kan sommer die hele dag in beslag neem. Jou kind kry net nie klaar nie. Ouers kla veral daaroor dat hul kinders nou niks self kan doen nie, maar heeldag met alles hulp vra.
7. Tuisskoling verg meer geduld as wat 'n ouer, en selfs ook 'n onderwyser het! Baie ouers bring die meeste van die dae deur deur te gil, te skree en te onderhandel.
8. Een pa het gesê sy hoërskoolkinders voldoen aan al die vereistes vir afstandsonderrig - as die vereistes is om heeldag videospeletjies te speel en om te eet!
9. Onderwysers wat afstandsonderrig met behulp van "Zoom" of "Teams" gee, het ook snaakse belewenisse. Sommige ouers is min gepla oor hoe hul huise binne lyk tensy daar besoekers kom. Nou, tydens afstandsonderrig, kan almal wat saam die les neem, allerhande dinge in die huis waarneem in die agtergrond, soos vuil wasgoed, skottelgoed wat rondstaan en boeties wat stoei oor 'n pakkie skyfies.
10. Hopelik sal tuisskoling en afstandsonderrig nie vir altyd voortduur nie. Tot dan is die sleutelwoorde: geduld, uithouvermoë, aanpasbaarheid en 'n sin vir humor om ouers, onderwysers en kinders deur hierdie moeilike tyd te kry.

Bron: <https://www.oddee.com/remote-learning-leads-to-great-stories/>

Woordelys



aanpasbaarheid - adaptability
afstandsonderrig - distance learning
agtergrond - background
belewenisse - experiences
geduld - patience
gelyktydig - simultaneously
onderhandel - negotiate
onverwags - unexpected
optel - addition
pandemie - pandemic
sleutelwoorde - key words
slimmigheid - cleverness
troos - comfort
tuisskolling - homeschooling
uitdagende - challenging
uithouvermoë - endurance
verstommend - amazing

Vraag 1: Veelvuldige Keuse

4 punte

Lees hierdie sin van paragraaf vyf van Afstandsonderrig.

"Party troos hulle daaraan deur die goeie ou dae te onthou - toe hulle hul bes probeer het om hul kinders betyds by die skool te kry; toe hulle bekommerd was oor wat om in te pak vir pousekos; hoe hulle huis toe gejaag het om die kinders betyds by die skool op te tel."

Kies een ding waaroor ouers in die goeie ou dae bekommerd was.

- | | |
|----------|-------------------------------------|
| A | Wat om in te pak vir pousekos |
| B | Of hul kind koud kry by die skool |
| C | Watter huiswerk hulle kind gaan kry |
| D | Of hulle kind goeie maniere het |

Vraag 2: Waar/Onwaar

2 punte

Lees die eerste sin van paragraaf **vier** van die aangehegte leesstuk, Afstandsonderrig:

"Wat doen jy as jou kind by die tafel opdaag, gereed vir die dag se werk, maar aangetrek asof dit "fotodag" by die skool is?"

Die verkleinwoord van **tafel** is **tafeltjie**.

WAAR

ONWAAR



Vraag 3: Waar/Onwaar

2 punte

Die volgende sin is **waar** volgens die leesstuk:

'n Ouer en 'n onderwyser het nie baie geduld nodig vir tuisskoling nie.

Vraag 4: Skryf Jou Antwoord

3 punte

Haal een vraag uit die aangehegte stuk aan waarom ouers in hierdie dae gewonder het.

Skryf die **hele vraag** neer.

Vraag 5: Skryf Jou Antwoord

3 punte

Watter **woord** uit die volgende sin dui aan dat ouers wou sorg dat hulle kinders **nie laat** vir skool is nie?

"In die goeie ou dae het ouers hul bes probeer het om hul kinders betyds by die skool te kry."

Skryf **slegs een woord** neer.



Hierdie prent verwys na die volgende vrae: 6



Vraag 6: Voltooi Die Ontbrekende

4 punte

Lees dié sin van paragraaf ses van die leesstuk.

"Ouers kla veral daaroor dat hul kinders nou niks self kan doen nie, maar heeldag met alles hulp vra."

Alles is die teenoorgestelde van (1) . **Teenoorgesteldes** word ook (2) genoem.

Opsies Is: geen | niks | sinonieme | antonieme

1	
----------	--

2	
----------	--

Vraag 7: Waar/Onwaar

2 punte

Lees paragraaf twee van die aangehegte leesstuk, Afstandsonderrig:

"Met ouers en kinders wat tydens die pandemie van die huis af werk, moet 'n ouer gelyktydig drie take uitvoer - dié van ouer, onderwyser en werknemer of werkgewer."

Die woord, **pandemie**, se meervoud is **pandemie's**.

WAAR

ONWAAR

Vraag 8: Veelvuldige Keuse

4 punte

Leeste die eerste sin van paragraaf 10 van die leesstuk. Kies die woord of woorde wat die sin korrek sal voltooi:

"Hopelik sal tuisskoling en afstandsonderrig nie vir altyd voortduur nie."

Hierdie sin is ...

- | | |
|----------|--|
| A | in die indirekte rede geskryf. |
| B | in die vorm van 'n ontkenning geskryf. |
| C | in die lydende vorm geskryf. |
| D | 'n bevelsin. |

Vraag 9: Skryf Jou Antwoord

3 punte

Lees die tweede sin van paragraaf 10 van die leesstuk, Afstandsonderrig.

Skryf een **abstrakte selfstandige naamwoord** neer wat daarin voorkom:

"Tot dan is die sleutelwoorde: geduld, uithouvermoë, aanpasbaarheid en 'n sin vir humor om ouers, onderwysers en kinders deur hierdie moeilike tyd te kry."

Skryf **slegs een woord** neer.

Vraag 10: Skryf Jou Antwoord

3 punte

Identifiseer die **versamelnaam** uit die volgende sin:

"Nou, tydens afstandsonderrig, kan almal wat saam die les neem, allerhande dinge in die huis waarneem in die agtergrond, soos vuil wasgoed, skottelgoed wat rondstaan en boeties wat stoei oor 'n pakkie skyfies."

Antwoord met EEN woord.



Vraag 11: Waar/Onwaar

2 punte

Lees die eerste sin van paragraaf vier van die aangehegte leesstuk:

"Wat doen jy as jou kind by die tafel opdaag, gereed vir die dag se werk, maar aangetrek asof dit "fotodag" by die skool is?"

Die woord, **fotodag**, is 'n **samestelling**.

☐ **WAAR**☐ **ONWAAR****Vraag 12: Skryf Jou Antwoord**

3 punte

Lees paragraaf nege van die leesstuk, Afstandsonderrig.

Kyk weer na dié sin en skryf die **voegwoord** neer wat daarin voorkom:

"Sommige ouers is min gepla oor hoe hul huise binne lyk tensy daar besoekers kom."

Skryf **slegs die voegwoord** neer.

--

Vraag 13: Voltooi Die Ontbrekende

4 punte

Lees die eerste sin van paragraaf vyf van die leesstuk:

"Vir die meeste ouers was tuisskoling totaal onverwags, veral vir soveel maande."

'n **Sinoniem** vir die woord, **onverwags**, is (1) en 'n **antoniem** vir **dae**, is (2) .

Opsies is: betyds | skielik | soggens | nagte

1	
----------	--

2	
----------	--



Vraag 14: Veelvuldige Keuse

4 punte

Lees dié sin van paragraaf ses van die leesstuk:

"Baie ouers bring die meeste van die dae deur deur te gil, te skree en te onderhandel."

Kies woorde wat die **trappe van vergelyking** sal voltooi: ... meeste.

- | | |
|----------|----------------|
| A | min, minder, |
| B | niks, bietjie, |
| C | baie, meer, |
| D | veel, veler, |

Vraag 15: Skryf Jou Antwoord

3 punte

Lees paragraaf **ag** van die leesstuk, Afstandsonderrig.

Skryf **die laaste infinitief** in die sin neer.

--

Vraag 16: Voltooi Die Ontbrekende

4 punte

Lees paragraaf een en paragraaf sewe van die leesstuk:

"Wie het ooit gedink dat soveel kinders van die huis af sal leer?" - Dit is 'n (1) .

"Tuisskoling verg meer geduld as wat 'n ouer, en selfs ook 'n onderwyser het!" - Dit is 'n (2) .

Opsies Is: stelsin | vraagsin | bevelsin | uitroepsin

1	
----------	--

2	
----------	--



Hierdie prent verwys na die volgende vrae: 17



Vraag 17: Voltooi Die Ontbrekende

4 punte

Lees dié sin in paragraaf nege van die leesstuk:

"Nou, tydens afstandsonderrig, kan almal wat saam die les neem, allerhande dinge in die huis waarneem in die agtergrond, soos vuil wasgoed, skottelgoed wat rondstaan en boeties wat stoei oor 'n pakkie skyfies."

Die woord, **wasgoed**, is 'n (1) en die woord, **boeties** is 'n (2) .

Opsies Is: samestelling | samestellende afleiding | simpleks | afleiding

1	
---	--

2	
---	--

Vraag 18: Veelvuldige Keuse

4 punte

Lees paragraaf twee van die leesstuk:.

"Met ouers en kinders wat tydens die pandemie van die huis af werk, moet 'n ouer gelyktydig drie take uitvoer..."

Kies die taak wat nie in paragraaf twee genoem word nie.

- | | |
|----------|---------------------------------|
| A | dié van ouer |
| B | dié van bestuurder |
| C | dié van onderwyser |
| D | dié van werknemer of werkgewer. |

Hierdie prent verwys na die volgende vrae: 19



Vraag 19: Voltooi Die Ontbrekende

6 punte

Lees paragraaf vier van die leesstuk:

Vriendin is die **vroulike vorm** van (1) . Die **verkleiningsvorm** van **vriendin** is (2) .

Opsies Is: friend | vriend | vriendinnetjie | vriendinetjie | heldin

1		2	
----------	--	----------	--



Vraag 20: Waar/Onwaar

2 punte

Lees paragraaf drie van die aangehegte leesstuk, Afstandsonderrig:

"Meer as een ouer het in hierdie pandemie-dae al hardop gewonder: "Van wanneer af het skool so moeilik geword?""

Die sin is in die direkte rede geskryf.

Vraag 21: Waar/Onwaar

2 punte

Volgens die leesstuk het een kind by die tafel opgedaag, aangetrek asof dit konsertdag by die skool was.

Vraag 22: Skryf Jou Antwoord

3 punte

Lees paragraaf vyf van die leesstuk, Afstandsonderrig:

Kyk weer na dié sin. Skryf die antoniem vir die woord, **slegte**, uit die sin neer:

"Party troos hulle daaraan deur die goeie ou dae te onthou ..."

Skryf **slegs een woord** neer.



Vraag 23: Veelvuldige Keuse

4 punte

Lees dié sin van paragraaf ses van die leesstuk:

"Onderwysers wat afstandsonderrig met behulp van Zoom of Teams gee, het ook snaakse belewenisse."

Kies 'n **eienaam** uit hierdie sin.

- | | |
|----------|------------------|
| A | Zoom |
| B | Onderwyser |
| C | belewenisse |
| D | afstandsonderrig |
-

Vraag 24: Veelvuldige Keuse

4 punte

Lees dié sin van paragraaf ses:

"Ouers kla veral daaroor dat hul kinders nou niks self kan doen nie, maar heeldag met alles hulp vra."

Kies die **voegwoord** in hierdie sin.

- | | |
|----------|-------|
| A | doen |
| B | maar |
| C | alles |
| D | hulp |
-

Vraag 25: Skryf Jou Antwoord

3 punte

Watter gebeurtenis was vir die meeste ouers totaal onverwags?

Skryf **slegs een** woord neer as jou antwoord.

--



Vraag 26: Voltooi Die Ontbrekende

6 punte

Lees paragraaf een van die leesstukke voltooi die volgende sin:

Ouers het die uitdagende taak om seker te maak hul kinders (1) , (2) en (3) .

Kies die antwoorde volgens die **volgorde in die sin** in die leesstuk.

Opsies Is: daag op vir klas | bly in hul sitplekke | skakel die rekenaars aan | gee aandag aan hul onderwysers | skree nie antwoorde uit nie | voltooi hul werk

1	
3	

2	
----------	--

Vraag 27: Voltooi Die Ontbrekende

4 punte

Sommige ouers is min gepla oor hoe hul (1) , tensy daar (2) kom.

Opsies Is: kinders hulle gedra | huis binne lyk | besoekers | klagtes

1	
----------	--

2	
----------	--



Hierdie prent verwys na die volgende vrae: 28



Vraag 28: Waar/Onwaar

2 punte

Lees die laaste sin van paragraaf vyf van die aangehegte leesstuk, Afstandsonderrig:

"Dit is verstommend wat jy mis as dit nie meer daar is nie."

'n Antoniem vir die woord "**daar**", is "**hier**".

WAAR

ONWAAR

Vraag 29: Waar/Onwaar

2 punte

Volgens die leesstuk laat dit ouers beter voel om die goeie ou dae te onthou.

WAAR

ONWAAR



Vraag 30: Veelvuldige Keuse

4 punte

Kies die **werkwoord** in dié sin van paragraaf ses van Afstandsonderrig.

"Ouers kla veral daaroor dat hul kinders nou niks self kan doen nie, maar heeldag met alles hulp vra."

- | | |
|----------|---------|
| A | daaroor |
| B | self |
| C | kla |
| D | veral |
-



Hierdie prent verwys na die volgende vrae: 31, 32, 33, 34, 35

ADVERTENSIE-ARTIKEL / ONDERRIG

Opvoedkundige toonaangewer

vodacom

VERANDER DIE WYSE WAAROP JY LEER!

e-school

VODACOM-E-SKOOL-aanlynonderwys vir Suid-Afrikaanse leerders van Graad R-12 sluit in:

GRATIS AANLYNLESSE, VASVRAPROGRAMME EN VORDERINGSVERSLAE.

MET VODACOM-E-SKOOL KRY JY:

Daaglikse huiswerkopdragte om teen jou eie tempo te voltooi, notas en interaktiewe vasvraprogramme

In Persoonlike profiel sodat jy jou vordering in elke vak self kan monitor.

Ekstra lesse, wenke en gidse wat jou help om jou punte te verbeter.

Om vir almal in regverdige kans te gee, word hoofvakke in Engels, Afrikaans, Zoeloe en Xhosa aangebied.

GRATIS
Geen datakoste vir Vodacom-kliente nie.

basic education
Department: Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

BEGIN SO:
STAP 1: Gaan na Vodacom.co.za/e-school.
STAP 2: Registreer met jou besonderhede.
STAP 3: Skep jou eie Vodacom-e-skool-profiel.

Vraag 31: Voltooi Die Ontbrekende

4 punte

Die advertensie prikkel die leser se **belangstelling**, want (1) en vertel jou wat (2) .

Opsies Is: hulle doen al die werk vir jou | dit verander die wyse waarop jy leer | jy graag wil hoor | jy met Vodacom e-school kan kry

1	
----------	--

2	
----------	--

Vraag 32: Veelvuldige Keuse

4 punte

Kyk goed na die advertensie. Kies die aantal wat die sin korrek sal voltooi.

Die advertensie gee ... maklike stappe om te volg.

- | | |
|----------|------|
| A | geen |
| B | 10 |
| C | sewe |
| D | drie |

Vraag 33: Waar/Onwaar

2 punte

Kyk deeglik na die advertensie. Die maatskappy wat adverteer se naam is **e-school**.

WAAR**ONWAAR****Vraag 34: Voltooi Die Ontbrekende**

4 punte

Die advertensie prikkel **begeerte** by die leser, want dit is (1) en daar is (2) .

Kies jou antwoorde in alfabetiese volgorde.

Opsies Is: gratis | kleurvol | baie plekke waar hulle dit verkoop | verskillende soorte hulp beskikbaar

1**2****Vraag 35: Skryf Jou Antwoord**

3 punte

Wat is die hoofopskrif van die advertensie?


Skryf **slegs die opskrif** neer.

--



Hierdie prent verwys na die volgende vrae: 36, 37, 38, 39, 40

**WIE DOEN WAT?
EK MOÉT WEET!**



Vraag 36: Veelvuldige Keuse

4 punte

Kies die woord wat die sin korrek sal voltooi:

Die woorde, tydskrif en selfoon, is albei ...

- | | |
|----------|--------------------------|
| A | afleidings |
| B | samestellings |
| C | samestellende afleidings |
| D | infinitiese |

Vraag 37: Voltooi Die Ontbrekende

6 punte

Die man lyk (1) , hy het (2) onder sy oë en dit lyk of hy (3) geslaap het.

Opsies is: uitgeput | energiek | kringe | kolle | min | genoeg

1	
3	

2	
----------	--

Vraag 38: Veelvuldige Keuse

4 punte

Kyk goed na die spotprent en kies die frase wat die sin korrek sal voltooi:

Die man het 'n obsessie oor ... ontwikkel.

A	rugby speel
B	verder studeer
C	inligting en die vrees dat hy iets sal mis
D	die verkoop van huise

Vraag 39: Skryf Jou Antwoord

3 punte

Kyk na die spotprent. Noem een **kommunikasiemiddel** waaraan die man verslaaf is.

Skryf **slegs een woord** neer.

--

Vraag 40: Waar/Onwaar

2 punte

Kyk goed na die spotprent.

Die doel van die spotprent is om vir ons te wys hoe 'n obsessie met kommunikasiemiddels 'n mens se lewe kan oorheers.

WAAR	ONWAAR
-------------	---------------

Totaal: 136 Punte